

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

WEEKLIKSE VERSLAG: 7-11 JULIE 2008

Tabel 1: Kern Markaanwysers

	Week geëindig 4 Julie 2008	Beweging vir die week	Verwagtings vir die komende week
ALSI	28172	-2203(-7.25%)	Toename
Nywerheidsindeks	21444	-1289 (-5.67%)	Volatiel
Goudindeks	2257	-111 (-4.68%)	Toename
Finansiële indeks	15736	-721 (-4.38%)	Volatiel
Rand/\$	7.74	-18(-2.27%)	R7.65 – R7.85/\$
Goudprys	935	+7 (+0.7%)	\$915 - \$940
Dow Jones	11288	-58 (-0.5%)	Toename
Nikkei	13237	-307 (-2.26%)	Volatiel
FTSE-100	5413	-116 (-2.09%)	Volatiel
Hang Seng	221423	-619(-2.80%)	Volatiel
SA Eiendomsindeks	241	+1 (+0.1%)	Toename
R157	10.60	-4 (-0.37%)	Afname

Oliepryse veroorsaak die een skokgolf na die ander in die internasionale finansiële markte. Olie het verlede week byna \$147 per vat bereik en het die week naby die \$145 per vat-vlak geëindig. Geo-politieke spanning en die swakker dollar is verantwoordelik vir die styging. Byna al die wêreldbeurse het in reaksie verlede week laer beweeg. Die Dow Jones het met 0.5% gedaal, die FTSE 2.09%, die DAX 2.28%, die Nikkei 2.26% en die JSE finansiële indeks 4.38%. Ten spyte van die opwaartse beweging in die goudprys tot naby \$947 per ons en platinum wat weer die \$2080 per ons-vlak getoets het, het hulpbronaandele op die JSE ook die druk van internasionale onsekerheid begin voel. Die hulpbron 20 het verlede week met 9.2% gedaal, wat tot een van die grootste verliese van die ALSI in een week van meer as 2200 punte of 7.3% bygedra het.

Die diagnose vir die VSA ekonomie bly onveranderd soos wat Market Watch berig: **'Incomes went up temporarily and spending perked up a bit, but the headwinds from higher energy prices, the credit crunch, the weak job market and declining wealth will far outweigh any benefits from a few hundred dollars in tax rebates'** economists say. **The headwinds will add up to some \$500 billion in reduced consumer resources this year'.**

Die groot vraag in die ekonomie hierdie week is of Suid-Afrikaanse markte die res van die wêreld verder gaan volg. Dus, wat gaan gebeur met kommoditeitspryse en veral oliepryse, die Dollar/Euro koers en inflasieverwagtings? Die oorsaak op kommoditeitspryse het van die skerp daling in die prys van steenkool ontstaan. Dit het na die pryse van goud en platinum deurgesyfer.



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za


Bladsy 1 van 3

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiende uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

Figuur 1: Die JSE ALSI: gaan dit die res van die wêreld volg?



Figuur 1 toon die verhouding tussen die ALSI en die Dow Jones nywerheidsindeks aan. Die JSE het veral oor die afgelope twee maande begin om dieselfde tendenslyn as die Dow te volg. Die grafiek dui ook aan dat daar 'n vertraging van twee tot vier weke tussen die twee indekse is. Dit beteken dat die ALSI die Dow een maand later volg. In hierdie opsig het die ALSI reeds met 15.3% gedaal vanaf sy hoogtepunt op 21 Mei 2008 tot die sluiting op Vrydag van 28172. Dit is alreeds meer as die 12.9% val in die Dow wat sy jongste daling op 5 Mei 2008 begin het en indien die Dow hierdie week sterker beweeg, kan daar verwag word dat die ALSI binne die volgende twee tot drie weke gaan begin herstel.

Die vrystelling van die mynproduksie en -verkope en vervaardigingsproduksie en -verkope sal hierdie week vir die aandelemarkte van belang wees. Dit word verwag dat totale mynproduksie en -verkope in reële terme verder vanaf 2.0% in April 2008 tot 3.5% in Mei 2008 gekrimp het. Ons verwag dus ook dat die volume van vervaardigingsproduksie en -verkope vanaf 7.4% in April 2008 tot 5.0% in Mei 2008 gedaal het. Alhoewel dit laer is, beteken dit dat die ekonomie ver van 'n resessie is. VSA ekonomiese data wat hierdie week gepubliseer gaan word, is die verwagte huisverkope (verwagte skerp daling), groothandelsvoorrade (ook 'n verwagte lae syfer), asook die handelsrekeningtekort (hoër).



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 2 van 3

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiende uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

Indien hierdie data korrek is, kan dit verwag word dat die Dow negatief sal beweeg weens 'n verwagte swakker dollar en 'n skraler kans van 'n verhoging in VSA rentekoerse.

Tabel 2: Vrstellingskediule vir geselekteerde ekonomiese aanwysers vir die week

Datum	Land	Statistiek	Vir	Mark Verwag	Vorige
Jul 8	VSA	Bestaande Huisverkope	Mei	-3.0%	6.3%
Jul 8	VSA	Groothandelvoorrade	Mei	0.7%	1.3%
Jul 8	VSA	Verbruikerskrediet	Mei	\$7.0B	\$8.9B
Jul 9	VSA	Ru-Olie Voorrade	07/05	NVT	-1982K
Jul 10	RSA	Algemene Huishoudelike Opname	2007	NVT	NVT
	RSA	Mynproduksie en -Verkope	Mei	-3.5%	-2.0%
	RSA	Vervaardigingsproduksie en -Verkope (volume)	Mei	5.0%	7.4%
Jul 10	VSA	Nuwe Werkloosheidsyfers	07/05	NVT	404K
Jul 11	VSA	Uitvoerpryse uitsl-landbou.	Jun	NVT	0.4%
Jul 11	VSA	Invoerpryse uitsl-olie	Jun	NVT	0.5%
Jul 11	VSA	Handelsbalans	Mei	-\$62.1B	-\$60.9B
Jul 11	VSA	Mich Sentiment-voorlopig.	Jul	56.0	56.4
Jul 11	VSA	Tesouriebegroting	Jun	\$36.5B	\$27.5B

Prof Chris Harmse
7 Julie 2008

Nota: Bogenoemde is 'n fundamentele analise. Van tyd tot tyd sal die fundamentele en tegniese analise van die beweging van aandelepryse en markte noodwendig in konflik wees vanweë die verskillende tegnieke van ontleding. Oor die medium- en langtermyn behoort hulle egter in korrelasie te beweeg. Vanweë die tydsbeperking op die publikasie van hierdie verslag berus die verantwoordelikheid vir die korrektheid van die verslag daarom by die skrywer.



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 3 van 3

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspuitend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.